Monduit-spoel

RONALD SURESH ROBERTS

BEELD, BYE, 17 NOVEMBER pg. 3

"Die **president** is nie, en was nog nooit, 'n **'vigsontkenner'** ..."

In twee splinternuwe boeke, deur Anthony Brink en Mark Gevisser onderskeidelik, verskil die skrywer met Ronald Suresh Roberts se uitspraak in sy boek *Fit to govern* dat pres. Thabo Mbeki "nie 'n vigsafvallige is, of ooit was, nie". Boonop word Roberts deur Brink van "literêre bedrog" en "plagiaat" beskuldig. Hier stel Roberts sy kant van die saak.

IN sy lasterlike manuskrip (*Lying and thieving* – beskikbaar by www.lyingandthieving.com), wat ek aan my prokureurs oorhandig het, bied Anthony Brink eienaardige beweringe en propaganda wat daarop gemik is om te suggereer dat pres. Thabo Mbeki, nes Brink self, ontken dat MIV vigs veroorsaak. Brink glo dat die onlangse biografie deur Mark Gevisser, *Thabo Mbeki – The dream deferred* (Jonathan Ball, 2007), sy (Brink se) uitbeelding van Mbeki as 'n bestryder van die stelling dat MIV vigs veroorsaak, ondersteun.

Die probleme vir Brink begin by dié einste boek van Gevisser. Op bladsy 758 haal Gevisser Mbeki aan waar hy self beswaar maak teen " 'n veldtog wat begin is dat ek sou gesê het MIV veroorsaak nie vigs nie, wat ek nooit gesê het nie, en allerhande ander goed, al hierdie beskuldigings van volksmoord en so meer". By die bekendstelling van die boek op 5 November het Gevisser self gesê Mbeki is nie 'n ontkenner nie.

In 'n brief wat in *Business Day* verskyn het met die opskrif "No denialist", skryf Mbeki se woordvoerder, Mukoni Ratshitanga: "Die president is nie, en was nog nooit, 'n 'vigsontkenner' nie, 'n punt wat Gevisser self in die openbaar toegegee het."

■■■

DIESELFDE teenstanders wat Mbeki uitmaak as 'n onverdraagsame outokraat omring van vermeende ja-broers soos ek, het eensklaps van koers verander om Mbeki uit te beeld as 'n gevangene van my en dr. Essop Pahad wat saamsweer om sy (Mbeki se) sienings te herskryf. Vandaar Brink se vals en uiters lasterlike suggestie dat ek Mbeki se sienings oor vigs "bedrieglik verdraai".

Soos te verwagte, word Brink se suggestie slegs ernstig opgeneem deur Mbeki se mees ekstreme en lagwekkende teenstanders.

James Myburgh, Tony Leon se voormalige agent vir "spesiale projekte", skryf vergesog op sy Politicsweb-blog: "Terwyl Roberts so hard aan die werk was om die openbare mening oor hierdie saak (Mbeki se standpunt oor MIV/vigs) te verskuif, het Mbeki hom gereed gemaak om al sy (Roberts se) pogings by die toilet af te spoel."

Brink versier die Myburgh-teorie met die merkwaardige stertjie dat, hoewel Pahad entoesiasties oor my boek was by die bekendstelling (wat Brink nie bygewoon het nie), die president (wat by my gesit en eksemplare vir gaste onderteken het!) glo minder entoesiasties was.

Op sy blog van 12 November skryf Myburgh: "Uit 'n politieke hoek is Brink se belangriker kritiek dié op die volgehoue verdraaiing, deur Roberts en die minister in die presidensie, Essop Pahad, van Mbeki se sienings oor vigs." Wat is die beweerde verdraaiing? Brink gee self toe dat, in die 1990's, Mbeki 'n "ware gelowige" was (soos Brink dit afkeurend noem) ten opsigte van die stelling dat MIV vigs veroorsaak. Hy voer aan hy het Mbeki persoonlik bekeer tot die ontkenning van MIV as die oorsaak van vigs sowel as die bestaan van vigs as sodanig. Hy sê dat ek op bedrieglike wyse ontken so 'n verskuiwing het ooit plaasgevind.

■■■

BRINK se probleem is nogmaals Mbeki self. In 'n onderhoud op 3 April met Lionel Barber en Alec Russell van die *London Financial Times* sê Mbeki: "Die huidige (MIV/vigs-)beleid is in werklikheid taamlik oud. Reeds in die 1990's, '98 of so – die formele, omvattende Suid-Afrikaanse regeringsbeleid het eintlik daar begin.

"En soos nou, het ons toe besluit die adjunkpresident sou daardie veldtog lei, wat ek as adjunkpresident ook gedoen het.

"En so het dit sedertdien voortgegaan. Later het ons besluit ons moet 'n formele dokument daarstel ... dus het ons 'n omvattende beleid vir 2000 tot 2005 oor vigs en seksueel oordraagbare siekte (opgestel) ...

"So, jou mediese dokumente sal sê verworwe immuniteitsgebrek-sindroom oftewel vigs. Wat beteken: Jy het hierdie uitdaging van 'n gebrekkige immuniteit. Nou goed, waardeur word 'n immuniteitsgebrek veroorsaak? MIV. Goed, is dit al wat 'n immuniteitsgebrek veroorsaak? Die mediese handboeke sal sê daar is ander dinge wat 'n immuniteitsgebrek veroorsaak. Daar is ook 'n genetiese immuniteitsgebrek, wat 'n ander verskynsel is.

"So ek sê, goed, laat ons omvattend reageer op alles wat immuniteitsgebrek veroorsaak. Dis waar die storie vandaan kom dat ek 'n verband ontken. Niemand kon nog vir my wys waar ek dit gedoen het nie. Hulle sê dit. Maar jy sê waar, wanneer. Hulle kan nie. Dis nooit gesê nie. Ek het nooit ... Jy moet absoluut aan MIV aandag gee, maar jy moet aandag gee aan hierdie ander kwessies. So dis al.

"Ek luister gister na die radio, en iemand bel hierdie inbel-program en sê o ja, die president, ons ken hom, hy is 'n ontkenner. Soos in: hy ontken dat daar 'n konneksie tussen MIV en vigs is. Wat kan ek doen?"

■■■

NADAT Brink my belaster het met die ongegronde aantyging van bedrieglike verdraaiings, beweer hy, erg paradoksaal en komies, dat ek sy werk "geplagiateer" het. Soos *The Citizen* berig: "Brink sê hy is uitvoerig aangehaal in vroeë weergawes van Roberts se boek, maar dat Roberts in die finale manuskrip die aanhalingstekens verwyder het en só Brink se werk as sy eie uitgegee het."

Nêrens in Brink se manuskrip van 376 bladsye maak hy so 'n lasterlike aantyging nie, wat nog te sê om dit te staaf. En die aantygings wat hy wel maak (wat opsigself vals en plek-plek komies is), kom nêrens naby aan "plagiaat" nie. Die saak is, soos ek aangedui het, in my prokureurs se hande.

Brink gee voor om my verbatim aan te haal, dikwels uit sy kop. Intussen kan hy nie eens onderskei tussen die *New York Review of Books* en die *New York Times* nie – hy verwar die twee in 'n verhaal wat hy uitvoerig op bladsy 48, 49, 163-65 en 332 vertel.

● *Ronald Suresh Roberts is die skrywer van* Fit to govern – The native intelligence of Thabo Mbeki *(STE Publishers), wat vroeër vanjaar verskyn het.*